SENTRAAL-SUID KO-ÖPERASIE BPK: KORPORATIEWE SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID
ALGEMENE BELEID

1. Inleiding

In teenstelling met die tradisionele siening toe die winsmotief allesoorheersend was, erken sake-ondernemings vandag hul sosiale verantwoordelikheid en beskou hulle hul sosiale verantwoordelikheidsprogram as ‘n langtermynbelegging.

Die rasionaal agter sosiale verantwoordelikheid/betrokkenheid is om beter omstandighede en ‘n beter toekoms in gemeenskappe te skep. Deur sy volgehoue korporatiewe sosiale investering poog ‘n onderneming ook om sy positiewe impak op die gemeenskap te verhoog en die negatiewe impak te minimaliseer. Bydraes word gefokus op die gemeenskappe waaruit die onderneming sy werksmag trek en waar hy sy besigheid doen, asook op ander belanghebbendes.

Sosiale verantwoordelikheidsprogramme word ondersteun deur vier pilare (Gemeenskap-, Omgewing-, Markplein- en Werksplekfokus) wat ook nou in verbinding staan met die Swart Ekonomiese Bemagtigingsbeleid (SEB) in Suid-Afrika. Die riglyne waarbinne hierdie programme in ons land funksioneer word die King III Verslag oor Korporatiewe Bestuur genoem. King III is van toepassing op alle entiteite ongeag van die wyse en vorm van inkorporasie of vestiging en hetsy in die openbare, private of nie-winsgewende sektore.

Die doelwit is dus volhoubaarheid en om dit te verseker word al vier pilare in die SSK sosiale verantwoordelikheidsprogram geintegreer. Ons spreek hulle soos volg aan:

1.1. Gemeenskapfokus (filantropie)

Gemeenskap-gebaseerde projekte is die mees sigbare aspekte van SSK se KSV-aktiwiteite. Hierdie projekte is afhanklik van direkte interaksie tussen SSK en die gemeenskap, om sodoende sosiale en ekonomiese lewenskragtigheid in die omgewing te genereer. Ons is betrokke op vyf maniere:

- Donasies
- Borgskappe
- Advertensies
- Lidmaatskap van instansies
- Gemeenskapsbetrokkenheid van personeel

1.2. Omgewingsfokus

Openbare kommer oor die impak van kommersiële aktiwiteite op die omgewing het aansienlik toegeneem in die afgelope jaar. Daar is 'n groeiende bewustheid van die behoefte om volhoubare ontwikkeling te implementeer. Omgewing-gebaseerde projekte gaan verder as die wetgewende verpligtinge en fokus daarop om groener ekonomiese groei te bevorder. Die resultate van sulke projekte is kwantifiseerbaar en word gemeet as deel van 'n strewe na voortdurende verbetering.

1.3. Markpleinfokus

Markpleinfokus bestaan uit twee belangrike elemente, SSK se verskaffers en SSK se kliënte. SSK het 'n belang om te verseker dat ons verskaffers voldoende betaling en werksomstandighede aan hul werknemers gee, doeltreffende omgewingsbeleid in plek het en hul sake-aktiwiteite op ‘n deursigtige wyse uitvoer wat inlyn is met goeie korporatiewe gedrag.
In betrekking tot kliënte, poog SSK om verantwoordelike verkope- en bemarkingsbeleid te implementeer en om ons personeel op te lei oor hoe om hierdie beleide verantwoordelik aan te wend. Markpleinfokus help SSK om ‘n korporatiewe kultuur te koester wat waarde heg aan die behoeftes, verwagtinge en diversiteit van ons kliënte.

1.4. Werksplekfokus

Werknemers bied die kennis, produktiwiteit, kliëntediens en innovering wat nodig is vir die suksesvolle uitvoering van ons sake-aktiwiteite. Daarom is die voortgesette sukses van SSK afhanklik van die toewyding van sy personeel. Ons poog deurlopend om die behoud en ontwikkeling van ons personeel te bevorder en koester ‘n werkplek-omgewing wat kandidate van die hoogste kaliber lok. Projekte in hierdie fokusgroep kan handel oor gesondheid en veiligheid, voortdurende vaardigheidsontwikkeling, studiehulp, werk-lewe balans, personeel diversiteit en kulturele bewustheid.

SSK begroot op ‘n jaarlikse basis om fondse beskikbaar te stel vir die implementering van die sosiale verantwoordelikheidsprogram volgens ‘n goedgekeurde proses en sal volgens die onderstaande riglyne toekennings maak.

2. Algemene Beginsels

2.1. Sentraal-Suid Koöperasie Bpk (SSK) erken sy verantwoordelikheid om oor ‘n breër terrein ‘n bydrae te maak tot die gemeenskappe waarin hy sake doen en waaruit hy sy arbeidsmag trek (belanghebbendes). Om hierdie rede het SSK se sosiale verantwoordelikheidsprogram ‘n eksterne en interne funksie.

2.2. SSK se bydraes vir sosiale verantwoordelikheid moet so hanteer en gekoördineer word dat ‘n donasie nie ‘n presedent skep nie, aangesien dit moontlik soortgelyke donasies tot gevolg kan hê.

2.3. SSK se amptelike standpunt ten opsigte van sosiale korporatiewe investering (sosiale verantwoordelikheid) word ook ondervang in sy –

2.3.1. **<u>Missie</u>**

“Om met behoud van stabiliteit die welvaart en voortbestaan van die organisasie en sy lede deur groei en diversifikasie te bevorder.”

2.3.2. **<u>Besigheidsfilosofie en waardes</u>**

SSK erken sy verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap en omgewing en poog daarin om ‘n katalisator vir ‘n volhoubare samelewing te wees.
Die basiese waardes waarop SSK fokus is: Mense, integriteit en werkverrigting.

- MENSE: Professionaliteit, kundigheid, deelname, spanwerk en sosiale verantwoordelikheid
- INTEGRITEIT: Aanspreeklikheid, eerlikheid, vertroue en respek
- WERKVERRIGTING: voortreflike diens, deursettingsvermoë, produktiwiteit, innovering, vertroulikheid en privaatheid.

2.3.3. <u>Langtermyn – oorhoofse doelstellings</u>

Om verantwoordelik teenoor ons gemeenskap, ons omgewing, ons besigheidsvennote en personeel op te tree.
SSK onderneem om 'n holistiese benadering te volg ten opsigte van die bou van verhoudings in die gemeenskappe waarbinne ons sake-aktiwiteite bedryf. Die benadering is nie voorskriftelik nie, maar het ten doel om saam met gemeenskappe te werk om hul eie doelwitte te bereik. Vir maksimum impak moet gemeenskappe self die werk doen as bewys van hul toewyding en ingesteldheid teenoor volhoubaarheid terwyl SSK die katalisator is om die omvang uit te brei na soveel moontlik gemeenskappe. Dit is dan ook 'n belangrike metode om eienaarskap van 'n projek aan die gemeenskap te oorhandig wat op sy beurt weer volhoubaarheid bewerkstellig.

3. Gemeenskapsfokus

3.1. KRITERIA

SSK word, vanwee sy finansiële posisie, genoodsaak om selektief te wees en sy bydraes te beperk. Die volgende kriteria is van toepassing:

3.1.1. Aansoeke word aanvaar van nie-winsgewende organisasies, individue, besigheidsnetwerke, assosiasies, verenigings, skole en ander opleidings instansies

3.1.2. Aansoeke sal nie aanvaar word in geval van:

3.1.2.1. Instansies met 'n party-politieke affiliasie of agenda nie

3.1.2.2. Aktiwiteite met 'n kulturele vooroordeel of enige projek teen die grondwet van Suid-Afrika nie

3.1.3. Bydraes word grotendeels beperk tot landbou-gerigte en verwante aktiwiteite

3.1.4. Aktiwiteite moet binne SSK se primêre bedieningsgebied plaasvind

3.1.5. Projekte moet geloofwaardigheid demonstreer en wetgewing nakom

3.1.6. Aktiwiteite moet nie-mededingend in natuur wees nie en vennootskappe en samewerking aanmoedig

3.1.7. Aktiwiteite moet in lyn wees met SSK se waardes, beleid en doelwitte

Ten slotte, om oorweeg te word vir SSK befondsing, moet projekte bewys kan lewer van die vermoë om lewensvatbaar en volhoubaar te wees. Hierdie bewys moet spreek van die impak en betrokkenheid by die gemeenskap en die langtermyn voordeel vir die gemeenskap.

3.2. RIGLYNE

3.2.1. Waar personeellede, lede of kinders van personeellede of lede nasionale of provinsiale kleure verwerf, en in hierdie hoedanigheid deelneem aan ‘n sportbyeenkoms waar koste ter sprake is, sal SSK ‘n bydrae oorweeg.

3.2.2. SSK ondersteun regstellende aksie as deel van sy sosiale verantwoordelikheidsprogram. Projekte in gemeenskappe waar die onderneming besigheid doen, word in verdienstelike gevalle ondersteun (bv. die vestiging en ontwikkeling van kleinboere en gemeenskappe).

3.2.3. Waar moontlik, word bydraes in die vorm van geskenkbewyse of produkte uit sy take geskenk. Die skenking van personeel se tyd binne werksure word ook toegelaat, maar slegs in gevalle waar spaar kapasiteit nie intern alternatief aangewend kan word nie.

3.2.4. Omdat SSK al meer in die nie-landboumark (bv Agriland winkels) betrokke is, mag daar in verdienstelike gevalle afgewyk word van die normale beleid om donasies en ander bydraes landbou-gerig te hou.

3.2.5. Groter sigbaarheid van SSK in gemeenskappe waar hy besigheid doen, met spesiale verwysing na Heidelberg en Swellendam, waar SSK se twee grootste takke geleë is, is belangrik en word in ag geneem by die toestaan van borgskappe en donasies.

3.2.6. Voorkeur sal geskied vir projekte wat ‘n vaardigheidsontwikkeling, entrepeneurskap fokus en werkskepping element bevat.

3.3. DONASIES & SKENKINGS

3.3.1. Donasies bestaan uit beide finansiële en nie-finansiële bydraes aan plaaslike (Suid-Kaap) individue/organisasies waaruit geen finansiële voordeel verwag word nie.

3.3.2. By donasies is daar geen of ‘n beperkte teenprestasie van die kant van die ontvanger in die vorm van publisiteit/blootstelling.

3.3.3. Waar surplus kapasiteit tydelik bestaan in poste gekenmerk deur seisoenale werksverpligtinge, word die skenking en aanwending van surplus arbeidsure aangemoedig deur bestuur. Dis skenkings moet egter ingevolge voorafgoedgekeurde formele donasieriglyne uitgevoer en teboekgestel word.

3.3.4. Alle donasies aan kwalifiserende publieke voordeel instansies moet vergesel word van ‘n art. 18 A faktuur ten einde belastingaftrekbaarheid te bewerkstellig.

3.3.5. Alle nie-finansiële bydraes moet vergesel word van ‘n waardestaat wat steeds die monetêre waarde van die bydrae bevestig

3.3.6. SSK moet gereeld die volgende bepaal alvorens donasies bewillig word:

a) die behoeftes van die gemeenskap;
b) SSK se prioriteite om daardie behoeftes te bevredig;
c) die leweringsmeganisme(s) waarmee beoog word om die behoeftes van die gemeenskap te bevredig.

Tipes donasies / skenkings:

a) Ad-hoc skenkings en/of donasies

Hierdie tipe skenking handel met eenmalige aansoeke van organisasies vir finansiële bystand vir ‘n spesifieke projek.

b) Staande jaarlikse donasies en/of skenkings

In terme van die begroting word sekere donasies en skenkings op ‘n jaarlikse basis gedoen. Die meriete van die aansoek word eenkeer gedoen en goedgekeur, die bedrag word danjaarliks begroot en oorbetaal op 1 Julie of in paaiemente soos ooreengekom. Jaarlikse donasies strek oor twee of meer finansiële jare, soos deur die Raad besluit; en mag ter enige tyd teruggetrek of gestaak word.

c) Projekgebaseerde donasies en/of skenkings

Hierdie tipe donasies of skenkings verwys na organisasies aan wie SSK ‘n finansiële bydrae maak as gevolg van ‘n spesifieke ooreenkoms tussen SSK en die organisasie ter befondsing van ‘n goedgekeurde projek.

Let wel: Vir projekgebaseerde donasies / skenkings word vereis dat Organisasies/instellings ‘n besigheidsplan tesame met ‘n skedule vir die beoogde aanwending van die fondse sal insluit by hul aansoek om ‘n donasie / skenking.

3.4. BORGSKAPPE

3.4.1. ‘n Borgskap is ‘n finansiële of ander bydrae waar ‘n teenprestasie, gewoonlik in die vorm van publisiteit/blootstelling, verwag word.

3.4.2. ‘n Borgskap is dus ‘n besigheidsooreenkoms tot albei partye se voordeel.

3.4.3. ‘n Borgskap deur SSK moet SSK, óf die landbou, tot voordeel strek.

3.5. ADVERTENSIES

3.5.1. In die geval van sosiale verantwoordelikheid is korporatiewe advertensies ter sprake.

3.5.2. Sulke advertensies word ter wille van beeldbou/reputasie en welwillendheid geplaas. Van die beweegredes vir dié ondersteuning in die vorm van advertensies sluit in om SSK se posisie as landbouleier te bevestig of om sy standpunt oor ‘n saak of aktuele vraagstuk te stel.

3.6. LIDMAATSKAP VAN INSTANSIES

3.6.1. In hierdie geval word SSK lid van ‘n instansie deur sy finansiële bydrae, sonder dat die bydrae ‘n direkte finansiële rendement lewer (bv. LBK, GSA, Landbou Wes-Kaap, Agri SA, GOSA ens.)

3.6.2. SSK poog om volle lede te wees van boereverenigings in die Wes-Kaap. Aangesien SSK egter self direk lid is van die Landbou Wes-Kaap en Agri SA, behoort sy lidmaatskapgeld affiliasiegeld van dié instansies uit te sluit.

3.6.3. Lidmaatskap van en deelname aan sakekamers word aangemoedig.

3.6.4. Geen bydraes word gemaak tot instansies met 'n party-politieke affiliasie nie.

3.7. GEMEENSKAPSBETROKKENHEID VAN PERSONEEL

3.7.1. SSK moedig personeel aan om in hul gemeenskappe betrokke te wees.

3.7.2. Waar versoeke vir donasies of ander bydraes spruit uit die betrokkenheid van sy personeel, volg SSK 'n simpatieke benadering, met 'n maksimum goedgekeurde waarde van nie meer as 50% van die totale beoogde donasie/ borgskap nie.

4. Prosedures vir Hantering

4.1. AANSOEKPROSES VIR DONASIES

4.1.1. Addendum A bevat die aansoekvorm wat alle belangstellendes moet voltooi indien hulle toegang tot donasies wil verkry.

4.1.2. Organisasies/kandidate word aanbeveel om aansoeke in te handig ten minste twee maande voor 'n projek se aanvangsdatum.

4.1.3. Aansoekvorms is beskikbaar op die SSK webwerf maar ook by die Swellendam en Heidelberg takke se ontvangstoonbanke.

4.1.4. Voltooide aansoekvorms moet ingehandig word by die Swellendam of Heidelberg takke van SSK, of by die CAP Kantoor in Swellendam - Bethel Kerksaal, Voortrekkerstraat 159, Swellendam, 6740.

4.1.5. Indien aansoeke die eerste rondte oorweging slaag sal aanvraag gedoen word deur CAP (namens SSK) vir verdere ondersteuningsdokumente.

4.1.6. Organisasies sal skriftelik in kennis gestel word oor die sukses van hul aansoek

4.1.7. Alle aansoekvorms sal op rekord gehou word vir 'n 12 maande periode.

4.1.8. Suksesvolle organisasies/kandidate wat kwalifiseer by SARS sal vereis word om SARS 18A sertifikate aan SSK te verskaf binne die finansiële jaar waarin die donasie gemaak is.

4.1.9. Slegs aansoeke vir donasies word deur CAP hanteer. Enige borgskappe, ens., moet na SSK verwys word vir hantering.

4.2. VERWYSING & BESLUITNEMING

4.2.1. Alle skriftelike versoeke vir donasies, borgskappe, advertensies of ander ondersteuning word na die Hoof Uitvoerende Beampte of sy/haar genomineerde entiteit verwys sodra aansoek ontvang is.

4.2.2. Waar twyfel bestaan oor die toestaan al dan nie van 'n versoek, sal die Hoof Uitvoerende Beampte die versoek na die Direksie neem.

4.2.3. In die volgende gevalle word versoeke na die Direksie verwys:

4.2.3.1. In gevalle waar daar steeds twyfel by die Hoof Uitvoerende Beampte vir Donasies bestaan oor die meriete van ‘n versoek;

4.2.3.2. In gevalle waar die donasie versoek meer as R20 000.00 beloop

4.2.4. ‘n Jaarlikse bedrag van R 5000,00 word aan elk van die SSK Hoofbestuurders toegestaan om versoeke vir donasies en borgskappe na goeddunke toe te staan. ‘n Toekenning mag egter nie R 1000,00 per instansie per jaar oorskry nie.

4.2.5. Individue wat namens ‘n instansie en in persoon by SSK aansoek doen vir ‘n donasie, word na die Hoof Uitvoerende Beampte verwys, wat magtiging het om ‘n geskenkbewys of kontant tot en met die bedrag van R 1000,00 toe te staan, ongeag die aard van die versoek. (Die normale beleid geld nie hier nie, en donasies kan dus aan skole, kerke, liefdadigheidsorganisasies, ens. gegee word)

4.3. ADMINISTRASIE EN BEHEER

4.3.1. Enige versoek om ‘n donasie, borgskap, advertensie of lidmaatskap wat deur enige SSK personeellid afgekeur of toegestaan is, word deurgestuur na die Hoof Uitvoerende Beampte vir volledigheid. Dit word benodig ten einde die beleid te koördineer en duplikasie uit te skakel.

4.3.2. Die Hoof Uitvoerende Beampte sal jaarliks ‘n opsomming van alle donansies, borgskappe, advertensies en lidmaatskapgelde vir die betrokke jaar aan die Direksie voorhou.

4.3.3. Die Hoofbestuurder: Finansies en Administrasie sal toesien dat hierdie jaarlikse spandering nie die huidige daargestelde limiet, soos bepaal in die goedgekeurde bedryfsbegroting, oorskry nie.

5. Ander sosiale verantwoordelikheidspilare (Omgewingsfokus, Markpleinfokus & Werksplekfokus)

Die ander pilare soos bo opgesom word elk onderskeidelik in beleide hanteer en sal teen einde 2013 by hierdie opsommende beleid gevoeg word.

Opgestel deur: Alwyn Burger / Villiers van Veen

Insette gelewer deur: CAP & South African Growth Institute

Datum: Januarie 2013